

Familie Tuisblad



10 Maart 2024

1

Begin hier



Wie was al regtig honger? Nie net lus vir iets lekkers om te eet nie, maar soos in regtig honger, maag grom, voel naar en flou honger? Hoe reageer jy wanneer jy honger is? Is jy vriendelik? Slim mense sê die meeste van die tyd wat ons dink ons is honger, is ons net dors, of erger nog – ons is verveeld. Ons eet omdat ons lus is vir sekere kos, nie omdat ons liggame dit eintlik nodig het nie.

Daar is 'n interessante beskrywing waarvan ek gehoor het: Hangry. “Hangry” is wanneer jy so honger is dat jy begin kwaai of “angry” raak. Die teksgedeelte waarvan ons vandag lees, vertel van 'n groot gebeurtenis wat gebeur het as gevolg van die Israeliete wat ook 'n bietjie “hangry” geraak het. Hulle het ongeduldig geraak en vergeet hoe God vir hulle voorsien in alles wat hulle nodig sou hê.

2

Lees
Numeri 21:4-9



3

Gesels



- Hoekom dink julle het die Israeliete so gou vergeet dat God vir hulle sorg?
- Was jy ook al op 'n keer ongeduldig omdat dinge nie gebeur soos wat jy dink dit moet nie?
- Hoekom dink julle moes die mense op kyk na die koperslang van Moses?

4

Bid



Dankie Here, dat U altyd vir ons sorg. Amen

5

Doen



Maak saam as gesin 'n ete wat brood en enige tipe vleis insluit. Gesels saam oor al die maniere waarop God vir ons sorg.